Die Begrafnis

Dierbare Hemelse Vader, met die—die Teenwoordigheid van die Heilige Gees alreeds hier, nader ons U Heilige Woord. En hoewel met 'n swak stem wat ek probeer beskerm, en die woorde net so stadig en gelykmatig sê soos wat ek kan, vra ek vir U Goddelike leiding en die salwing van die Heilige Gees om onder ons te beweeg vanaand. En mag Hy Wat alomteenwoordig is, mag Hy die Woord van God neem, en dit vir elke hart gee, net soos wat ons behoefte het. Mag Hy ons vanaand voed, met die goeie dinge van God.

2 En vanaand, terwyl ons oor die Woord praat, mag ons harte baie myle in Gólgota in wees, waar Jesus daardie algenoegsame prys betaal het wat vereis is deur die groot oordele van God, vanaf die tuin van Eden. En mag ons vandag besef dat ons vrylik geregverdig is deur Sy opstanding, en deur Sy dood, begrafnis, en opstanding.

3 En vanaand is ons nie meer van die wêreld nie, want ons is gekoop deur die prys van die kosbare Bloed van die Seun van God. En mag ons, met dankbare harte, na U toe draai vanaand, met die hele verstand en krag, en wat ons in ons het, en U dien met 'n suiwer, opregte hart.

4 Skenk vanaand, Vader, as daar sommige hier sou wees wat U nie ken, in die vergifnis van hulle sondes nie, mag hulle vanaand nederig na die kruis toe kom, en daar hulle sondes bely teenoor die God, wat regverdig is, om te vergewe. En mag hierdie 'n groot aand vir ons almal wees. Ons vra dit in die Naam van U Seun, die Here Jesus. Amen.

5 Nou ons besef dat daar niemand, op die aarde is, wat genoegsaam in staat is om die Woord van God te neem en Dit te openbaar nie, omdat die Woord geskryf is deur inspirasie. Die Heilige Gees is die Outeur van die Woord.

6 En toe daar na een gesoek is, in die Hemel, om die Boek te neem en die Seëls te breek, was daar niemand in die Hemel gevind, of in die aarde, of onder die aarde, wat waardig was om die Seëls te breek, of selfs na die Boek te kyk nie. En daar was 'n Lam Daar wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld, en Hy het gekom en die Boek geneem uit die hand van Hom wat op die Troon gesit het, en die Seëls gebreek en die Woord oopgemaak.

7 En ons glo en vertrou vanaand in Hom, dat Hy die Woord vir ons sal oopmaak, en nou soos ek lees in 2de hoofstuk van Handelinge.

8 Soos ek aangekondig het, die eerste aand was *Die Tweede Koms*, en . . . van die Here Jesus, wat Woensdag

was. En Donderdagaand was oor *Die Algenoegsame Offer*. En Vrydagaand was oor *Die Algenoegsame Versoening*; *Die Volmaakte*. Het julle dit gisteraand begryp? *Volmaak*, hoe ons absoluut onberispelik en volmaak in die oë van God kan wees! En vanaand is oor *Die Begrafnis*. En môre, *Die Opstanding*. Net soos wat die dae volg.

9 Nou ek het vanaand gekies, vir my Skriflesing, uit die Boek van Handelinge, die 2de hoofstuk en die 25ste, 26ste, en 27ste verse, inklusief. En Dit lui as volg, Petrus was praat.

> Dawid, *want Dawid* het *van Hom* gesê: *Ek het die Here altyddeur voor my gesien, want Hy is aan my regterhand, dat ek nie sou wankel nie.*
>
> *Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees rus in hoop.*
>
> *Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat* of U *Heilige oorgee om verderwing te sien nie.*

10 Wat 'n pragtige teks vir hierdie aand, om die konteks voor te kry van Hom wat in die graf was.

11 Die eerste ding waarop ons graag julle aandag wil vestig, is die onfeilbaarheid van God se Woord. God hou Sy Woord, tot die letter. En vanaand wil ons ons gedagtes daarop vestig, dat God Sy Woord hou. Ons kan met sekerheid rus op enigiets wat God in Sy Woord gesê het, as die Waarheid. En geloof berus nie op die dryfsand van die mens se idees of die mens se teologie nie, maar dit vind sy finale rusplek op die onbeweeglike Rots van God se Ewige Woord.

12 Die Woord! As God dit gesê het, is dit tot in ewigheid die Waarheid. Hy kan dit nooit terugneem en sê: "Ek het dit nie bedoel nie." Ek kan dinge sê en jy kan dinge sê, dan is ons geneig om dit terug te trek, omdat ons dit na die beste van ons kennis gesê het en met die beste van ons vermoë. Maar, dan, God is soveel anders as ons. Hy is oneindig, daarom sê Hy nie een ding as dit nie heeltemal volmaak is nie. Hy hoef dit nooit terug te trek nie, hoef nooit om verskoning te vra vir wat Hy gesê het nie. Dit staan altyd, die Waarheid.

13 Selfs vir Jesus, in hierdie groot dae wat ons vier, toe God eintlik Sy Seun geslag het vir die sondes van die wêreld, miskien duisende jare was voordat die grondlegging selfs ooit gelê is. God het die Woord gespreek, en Dis 'n voltooide produk in die Hemel wanneer God dit spreek; dis alreeds voltooi. O, as ons net kon begryp wat dit beteken, watter ander mense sal ons wees! Om te sien in Sy Boeke, die oordele wat hierin geplaas is vir die ongehoorsames, sal dit 'n man homself laat ondersoek, uur na uur; en dit sal die regverdiges laat juig, uur na uur, om die seëninge te lees wat God aan die getroues belowe het. En ons kan in sekerheid rus dat elke Woord vervul sal word, net ons siel daarop anker. Dit was altyd so.

14 Toe God met Noag gepraat het, ver terug in die wêreld voor die sondvloed; dalk miskien voor 'n Bybel ooit geskryf is, of hierdie Bybel, in elk geval, ooit geskryf is; God het vir Noag gesê daar sou 'n storm kom, en die waters sou die aarde bedek. En sonder een bewys dat dit sou gebeur, alles baie teenstrydig, het Noag beweeg deur vrees, en die ark gebou, dit voorberei. Dit was vir die redding van sy huisgesin en homself. God het hom nooit in die steek gelaat nie, want dit was Sy Woord. Dit moes gebeur toe God gesê het dit sou gebeur.

15 Nou, toe Job, die oudste Boek in die Bybel, wat geskryf is miskien voor Génesis geskryf is, en dit is ingesluit in die Bybel. En Moses het die Génesis geskryf. Job, in sy Boek, hy het plegtig gerus op die belofte wat God aan hom gemaak het. En hy het gestaan by sy brandoffer, sonder 'n vrees in sy hart; in die wete dat God in staat was om te doen, wat God gesê het. En toe alles skynbaar teenstrydig verloop het, het Job vas gestaan omdat God se belofte standvastig was. God het Job belowe, en Job het op daardie belofte gerus.

16 O, as die kerk ooit by daardie plek kon kom tot waar dit plegtig kon rus op God se Ewige Woord as die Waarheid! Wat 'n verskil sou dit wees, wat 'n regstelling sou daar wees, wat 'n besnydenis sou daar wees, wat 'n vreugde sou daar wees, wat 'n krag sou daar wees, wanneer mans en vroue God woordeliks sou glo, wat Hy gesê het die Waarheid is. Maak nie saak hoe die omstandighede lyk nie, dit het niks daarmee te doen nie. God het so gesê; dis die einde daarvan!

17 En Job, toe hy in die ergste beproewingstyd van sy hele ondervinding was; toe hy bevind is, in die Teenwoordigheid van God, as 'n regverdige man. Selfs God het gesê hy was volmaak. Daar was niemand soos hy op die aarde nie. En Satan is die voorreg gegun om hom te versoek, te sê: "Ek sal hom U laat vloek in U gesig."

18 En hy het Job se lewe amper geneem, en sou dit gedoen het, maar God het 'n grenslyn getrek, gesê: "Jy kan enigiets aan hom doen, maar moenie sy lewe neem nie."

19 Toe, toe Job by die werklike kritieke oomblik van sy versoeking gestaan het, het hy gesê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. Al vernietig die velwurms my liggaam, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou." Maak nie saak hoe donker dit gelyk het, en hoe onwerklik dit gelyk het nie, daar was iets waaraan Job sy siel geanker het, op God se Ewige belofte. O, as ons net dit kon doen! Let op, hy het gerus op die belofte: "Ek weet my Verlosser leef."

20 En ek wil hê julle moet oplet, vir toekomstige woorde wat ek wil sê, Job het sy plek van begrafnis gespesifiseer. En toe Job gesterf het, is hy so begrawe.

21 Daar was 'n ander man, met die naam van Abraham, wat God op Sy Woord geneem het. En Hy het God geglo. En hy het daardie dinge genoem wat teenstrydig was met die belofte wat God hom gegee het, asof hulle nie was nie. Hy het God op Sy Woord geneem. En toe die dae verbygegaan het, en die weke en die maande, en selfs die jare verbygegaan het, het dit Abraham hoegenaamd nooit van stryk gebring nie. Die Bybel het gesê: "Hy het nie getwyfel, deur ongeloof, aan die belofte van God nie; maar was getrou, deur God die eer te gee."

22 Toe alles skynbaar, elke dag, dit eenvoudig elke dag moeiliker geraak het; maar in plaas van om swakker te word, het Job elke dag sterker geraak. O, wat 'n blye versekering het ons! Wanneer probleme opkom om die ding, wat God belowe het, 'n onmoontlikheid te maak; in plaas van om weer terug te kruip, weer in die wêreld in, behoort ons selfs sterker te staan as wat ons ooit gestaan het, op SO SPREEK DIE HERE. Dit behoort dit af te handel, wanneer God iets sê.

23 En Abraham het daardie dinge genoem wat was, asof hulle nie was nie, omdat hulle teenstrydig was met die Woord. En toe Abraham sy liefling en vrou, Sara, verloor het, nadat hulle baie jare saamgeleef het, het hy 'n stuk grond gekoop naby die plek waar Job begrawe is, en Sara begrawe. Wonder hoekom? Hulle was profete! Hulle het gesien! Hulle het God gekontak! En nou toe Abraham gesterf het, is hy by Sara begrawe.

24 Nou, hy wou nie hê hierdie kêrels moet hom daardie stuk grond gee nie. Hy het dit gekoop, voor getuies. Wat 'n pragtige tipe van die doop. Hy het dit gekoop, voor getuies, dat dit sy besitting was. O, dis hoe 'n ware gelowige behoort te kom, nie wegglip in die hoekie nie, maar voor die getuies staan: "Ek is 'n getuie van die Here Jesus, en van die Heilige Gees, en van Sy groot werke," en soveel te meer soos ons hierdie bose dag sien naderkom.

25 En toe, toe Abraham se seun, wat Isak was, die belofte moes aan hom gegee word. En toe Isak gesterf het, is hy by Abraham begrawe. En Isak was die vader van Jakob.

26 En toe Jakob gesterf het, ver onder in Egipte. Maar let op, voor hy gesterf het, het hy vir sy profeet seun, Josef, gesê: "Kom hier, seun, en sit jou hand op my kreupel heup." Want onthou hoe hy kreupel geword het, is omdat die Engel van die Here sy heup aangeraak het, en hy het van daardie dag af kreupel geloop. Hy het gesê: "Lê jou hand op my heup, en sweer vir my by die God van ons vaders, dat jy my nie hieronder in Egipte sal begrawe nie." Hoekom? O, hulle het die Woord gehad, hulle het die openbaring gehad!

27 En mag ek hier stop, om te sê dat die kerk van die lewende God gebou is op Goddelike openbaring; nie op denominasie,

organisasie nie, nie op geloofsbelydenisse of doktrines nie, maar op geestelik geopenbaarde Waarheid van die lewende God.

28 Abel, in die tuin van Eden, het dit gehad toe die kerk begin het. Hoe het hy geweet om 'n lam te bring? Hoekom het hy nie vrugte gebring soos wat Kain het nie? Maar dit is aan hom geopenbaar!

29 Jesus het eenkeer gepraat, gesê: "Wie sê die mense is Ek die Seun van die mens?"

"Sommige het gesê U is 'Moses,' en 'Elía,' sovoorts."

Hy het gesê: "Maar Wie sê julle is Ek?"

30 Julle sien, dit rus nie op wat iemand anders dink nie, dis wat jy weet die Waarheid is. "Wat sê *jy*?" Daardie vraag staar elkeen van ons in die gesig vanaand: "Wat sê jy?"

31 En Petrus wat vinnig geantwoord het, sonder om enigsins te huiwer, het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

32 Soos Jesus Wat die verborgenhede van alle harte geken het, want Hy was niemand anders as Jehova gemanifesteer in vlees nie, en Hy het gesê: "Salig is jy, Simon, die seun van Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit gedoen. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie."

33 En ons mense, soos ons aangaan, ons Lutherane wil deur geloof wandel, ons Metodiste wil skree om Dit te kry, julle Pinksters wil in tale praat om Dit te kry, maar dis tienmiljoen myl weg Daarvan.

34 Dis 'n Goddelike openbaring van die Here Jesus Christus, die Persoon van Sy Wese wat gemanifesteer word in die hart: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die Doderyk sal dit nie oorweldig nie." Dit werk perfek saam met Matthéüs. . .:24, 5:24, of Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en aan Hom glo wat My gestuur het, het ewige Lewe; en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Nie omdat jy enige beweging, enige emosie gehad het nie; maar omdat jy die voorreg gehad het dat Christus aan jou geopenbaar is uit die Hemel: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou."

35 En Jakob, toe hy gesterf het, het sy seun sy liggaam laat oppak, en hy is begrawe by Abraham, Isak, Sara, en Job, in die Heilige Lande, in Palestina.

36 Toe, Josef, wat 'n profeet was. Hy het vooruitgegaan onder in Egipte. Hy het God geken. God het Homself aan hom geopenbaar. En toe hy gesterf het, gesê: "Jy moenie my bene hieronder begrawe nie, maar plaas. . .wanneer. . .Eendag sal God julle sekerlik besoek!" Hoekom? Hy het plegtig gerus op die

Woord van God aan Moses: "Vierhonderd jaar sal hulle hierdie volk dien, maar Ek sal hulle uitbring." Hy het plegtig op die Woord gerus.

37 En wat 'n pragtige illustrasie hier, as julle sal oplet. Elke Hebreër wat verbygegaan het, met sy rug wat stukkend geslaan is, deur slawedrywers. En wanneer hy gekyk het na die bene van sy profeet, Josef, het hy geweet eendag gaan hulle uit. Want, daardie bene is daar gelos vir 'n aandenking, dat hulle eendag sou uitgaan.

38 Dit was omtrent vyftien of agtien jaar gelede toe Billy Paul, die seuntjie omtrent vyf jaar oud, skaars so oud. . . Ons het 'n blommetjie gehad wat ons na sy mamma se graf toe geneem het, teen dagbreek een oggend, op Pase, net soos die son opgekom het, uitgeloer het; of net voor daglig, was dit, dan na die diens toe sou gaan. En soos ons onder na die graf toe geloop het, het die kêreltjie sy hoed afgehaal terwyl ons beweeg het, na waar sy sussie en sy ma begrawe is. En hy het begin snik en huil, en hy het gesê: "Pappa, is mamma daaronder in daardie gat?"

39 Ek het gesê: "Nee, seun. Sy is nie daaronder in daardie gat nie. Sy is 'n miljoen maal beter daaraan toe as ek en jy."

Hy het gesê: "Sal ek mamma weer sien?"

40 Ek het gesê: "Deur die genade van God, as jy dit verlang, kan jy haar weer sien."

Gesê: "Sal haar liggaam ooit opkom uit hierdie graf?"

41 Ek het gesê: "Skat, maak toe jou oë, en ek sal vir jou 'n storietjie vertel. Baie honderde jare gelede, vanmôre, was daar 'n graf leeg agtergelaat." Ek het gesê: "Dis 'n aandenking. 'Diegene wat in God slaap, sal Christus saam met Hom bring wanneer Hy kom.'" Sonder 'n sweempie twyfel, rus ek plegtig op God se Ewige belofte!

42 Soos Job van ouds, wanneer ons daardie "as tot as, en stof tot stof" hoor, herinner dit my aan Longfellow, wat gesê het:

> Moet my nie vertel, in droewige menigtes,
> Die lewe is net 'n leë droom!
> En die siel is dood wat sluimer,
> En dinge is nie wat hulle skynbaar is.

Hy het gesê:

> Ja, die lewe is werklik! Die lewe is ernstig!
> En die graf is nie sy doel;
> Want stof is jy, tot stof keer jy terug,
> Is nie gespreek van die siel.

43 Hulle noem dit 'n teofanie, dat wanneer ons hier vertrek, ons iewers anders ingaan. Wat dit ook al mag wees, ek neem die apostel se Woord, toe hy gesê het: "As hierdie aardse tabernakel,

of tentwoning, afgebreek word, het ons alreeds een wat wag, om *hieruit* in Daardie in te beweeg."

44 Abraham, Isak, Jakob, Job, al die profete, hulle het vertrou en geglo dat daar 'n opstanding sou kom, dat die Verlosser sou kom. Hulle het geprofeteer van Hom. Henog het van Hom geprofeteer; plegtig gerus, sy getuienis verseël daarmee. Isak, Jakob, Daniël, Jéremia, Eségiël, hulle het plegtig gerus op die tyd wat die Messias sou kom.

45 En hulle het gesterf en hulle siele het in die Paradys ingegaan. Hulle kon nie in die Teenwoordigheid van God ingaan nie, omdat (ons het dit gisteraand gehad) dat die bloed van bulle en bokke nie sondes kon vergewe nie; dit het net sondes bedek, gespreek van 'n dag wanneer die volmaakte Offer; omdat die bloed van die dier nie kon terugkom op die aanbidder nie, want anders sou hy nie opgehou het om daardie soort offerhandes te offer nie.

46 Maar toe die Seun van God gesterf het, was die Lewe wat in Hom was niks anders as God nie, om terug te kom op ons en ons aan te neem in die familie van God. En nou is ons kinders van God, die Lewe uit Sy Bloed.

47 Nou let vinnig op, soos ons volg. Toe destyds in die Ou Testament, en hulle wat geglo en aanbid het, en gesterf het in die Geloof, in afwagting van daardie tyd. Die rede waarom daardie profete dit gedoen het, en begrawe wou word in Palestina, hulle het geweet dat die opstanding nie in Egipte sou wees nie. Dit sou net in Palestina wees.

48 Dis wat ek vanaand sê. Ek het allerhande soorte name; ek gee nie om wat mense my noem nie, dit beteken niks vir my nie. Die enigste ding wat ek wil doen, is om dit te weet: dat ek dood was, en my lewe verberg is in Christus, deur God, en verseël deur die Heilige Gees; dat wanneer Hy roep uit die dood, ek sal antwoord op daardie dag. Begrawe my in Christus, want hulle wat in Christus is, sal God saambring met Hom op daardie dag.

49 Hoe kom ons in Christus in? Een Korinthiërs 12:13: "Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam, en word medeburgers van die Koninkryk van God." Ons bely om vreemdelinge en reisigers te wees op hierdie aarde, nie meer nie, nie hierdie wêreldse dinge na te streef nie, maar uit te sien na die koms van die geseënde Koning om die gebied oor te neem, van see tot grenselose see, wanneer Hy in Sy heerlikheid kom. Sekerlik, sien ons uit na Sy Koms.

50 En dan geen twyfel in my gemoed nie, maar dat Jesus dit in Sy gedagte gehad het toe Hy hier op aarde was, was daardie onfeilbaarheid van God se Ewige Woord was. Want, ons weet dat in Hom die volheid van die Godheid Liggaam gewoon het. Die hele Godheid was in Hom. Hy was beide Vader, Seun, en Heilige Gees, maar het in menslike vorm gewoon; die teofanie van God,

die groot gelykenis van God waarin Hy die mens gemaak het, hom toe op die aarde geplaas het. Hy het 'n liggaam gehad. God is nie sonder 'n liggaam nie. God het 'n liggaam, en dit lyk soos 'n man. Moses het dit gesien, ander het dit gesien, en dit lyk soos 'n man.

51 En dis net 'n afdruk, is *hierdie*, van wat Daardie is. En alles op die aarde, die skoonheid, die minsaamheid, die skoonheid van die aarde, is niks anders in die wêreld behalwe 'n antwoord op 'n baie beter as dit, wat op ons wag wanneer ons hierdie wêreld verlaat nie. Want, alles op aarde is net 'n afbeelding van dit wat in die Hemel is. Alles wat goed is, alles wat regverdig is, alles wat mooi is, bome, voëls, alles, is net 'n afbeelding van wat in die Hemel is.

52 Ons eie lewe is net 'n afbeelding. Dis net 'n skaduwee, en nie die regte ding nie. Dis die negatiewe kant. Dit verg die dood om die foto te ontwikkel, om ons terug te plaas in die teofanie waarvandaan ons gekom het. Dan, in die opstanding, kom ons in Sy gelykenis, 'n opgewekte liggaam. Wat 'n pragtige; nie net pragtig nie, maar dit is die werklike, plegtige Waarheid van God se Ewige Woord, dat ons soos Hy sal wees.

53 Let nou op, Jesus, toegerus met al die kragte van God, maar, toe Hy Satan ontmoet het, het Hy nooit enige van Sy kragte gebruik nie. Hy het net na die Woord verwys! Hy het. Hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.'"

54 Hoe kan jy dan sê dat jy by die huis bly en net so 'n goeie Christen wees as wat jy by die kerk sou wees? Jy kan dit nie doen nie. Lees die Woord! Die Heilige Gees voed op die Woord. Die Bybel is God se geestelike dieet vir Sy Kerk. En die Heilige Gees is die Een Wat Dit na jou toe bring en Dit in die hart plaas, en met danksegging gee jy Dit water. En elke Goddelike belofte sal net presies voortbring wat God gesê het dit sou doen. Dit moet. Dis Sy Woord, en Dis Lewe.

55 Nou, ek het vergeet dat ek net veronderstel was om 'n halfuur te hê. Dit neem my so lank om te kom by wat ek wil sê.

56 Maar let op Jesus, in die laaste uur, of twee, van Sy lewe, is baie, baie profesieë vervul.

57 Iemand het vir my gesê: "Broer Branham, *hierdie* moet gebeur, en *daardie* moet gebeur."

Ek het gesê: "Dit kan binne 'n uur gebeur."

58 As julle die 22ste Psalm sal lees, en dan Sy sterwensuur by die kruis dophou, ek vergeet nou net hoeveel uitsonderlike profesieë vervul is in die laaste twee of drie ure van Sy lewe! Sekerlik: "Hulle het My voete en My hande deurboor. My God, My God, waarom het U My verlaat?" ensovoorts, soos Dawid dit uitgeroep het.

59 En dan nog ’n ding wat ek wil hê julle moet oplet, die waarheid, die onfeilbare deel van God se Woord. Die Bybel het gesê: “Hy bewaar al Sy bene, nie een daarvan word gebreek nie.” Want in die tipe, die pasga-lam was ’n tipe daarvan. Die lam moet sonder ’n gebrek wees, daar moes geen gebreekte bene in die lam wees nie. En die uur toe Hy was . . . Hy het gesterf, hulle het opgegaan om Sy bene met ’n hamer te breek. En net voor . . . Kyk na daardie baie kritieke oomblik! Die man met die hamer, gereed om Sy bene te slaan, maar God se Woord het gesê: “Daar sal nie een been in Sy liggaam gebreek word nie.”

“Hoe gaan dit gebeur?” Ons raak haastig.

60 God se Woord is Ewig! As God se Woord so volmaak is, is hulle wat in Christus is, net so seker om op te staan, as wat daar ’n opstanding is. God is net so verplig tot Sy Woord, om jou te genees, as wat Hy is om jou te red. Want, Hy, dis Sy Woord wat dit belowe het. Dis God se Woord, en ons het geen reg om Daarvan weg te neem nie. Maar sê net: “Dis die Waarheid.” Glo Dit! Maak nie saak wat gebeur nie, glo Dit, in elk geval. Dis hoe die res van hulle Dit moes glo, en ons is nie uitgesluit daarvan nie. God het Palestina vir Israel gegee, maar hulle moes vir elke duim grond baklei wat hulle gekry het. Die belofte is joune, maar jy moet vir elke duim baklei waarop jy aanspraak maak; die duiwel sal daarvoor sorg, hy sal beslis.

61 Maar let op toe hulle gereed was om die bene van ons Here Jesus te breek, as daardie hamer daardie been sou tref en dit breek, sou God as vals bewys word. Maar daar was nie genoeg duiwels in die hele donker hel om daardie hamer daardie kosbare liggaam te laat tref nie. Want Dawid het, agthonderd jaar tevore, gesê: “Daar sal nie een been in Sy liggaam gebreek word nie.” God se Woord moet as Waarheid staan.

62 Maar wat het hulle toe gedoen? Hulle het ’n spies geneem en dit in Sy sy gesteek, en Bloed en water het uitgekom, om te vervul wat die Bybel gesê het: “Hulle het My hande en My sy deurboor.” Die Woord is vervul.

63 Nou toe Hy gesterf het, o, wat ’n verskriklike uur! Ek dink aan daardie lied, en, eerlikwaar, dit laat my net verskriklik voel, wanneer ek dink aan daardie lied wat die digter baie jare gelede geskryf het.

Met rotse wat skeur en donker hemele,
Het my Verlosser Sy hoof gebuig en gesterf;
Die geopende sluier het die weg openbaar
Na Hemelse vreugde en eindelose dag.

64 En terwyl Hy daar gehang het, aan die bloei en sterwend, toe Hy Sy hoof gebuig het. Die son het so skaam geword vir homself, om af te kyk op sterflinge wat God gemaak het in Sy gelykenis; so ’n prys soos daardie moes betaal, om dit te verlos, die son het geweier om af te kyk op die aarde op daardie uur. Die maan was

so skaam totdat dit sy plek verlaat het. En die sterre het hulle rug gedraai op die aarde. Wat 'n verskriklike ding moet sonde wees, hoe God dit moes hanteer!

65 En om daardie spottende priesters te sien, met spuug wat aan Sy gesig gehang het. 'n Man het Hom op die kop geslaan, met 'n riet, en gesê: "As U 'n Profeet is, sê vir ons wie U geslaan het." Een van hulle het die baard uit Sy gesig getrek, en Hom in die gesig geslaan, en wou hê Hy moet Homself verdedig.

66 Hy het gesê: "As My Koninkryk van hierdie wêreld was, sou Ek dadelik My Vader roep, Hy sou vir My twaalf legioene van Engele stuur."

67 Dit kon verander word, maar hoe kon Hy dit doen? Hy kon dit net nie doen nie, want dit was Sy eie kinders wat uitgeroep het vir Sy Bloed. Kan jy jou 'n pappa voorstel, 'n vader, met sy eie kinders (in duisternis) wat uitroep vir hulle eie vader se bloed? Dis hoekom Hy niks anders kon doen as sterf nie. As Hy nie het nie, was dit verdoemenis vir Sy kinders, was dit verdoemenis vir die skepsels. Maar Hy moes sterf, om Sy mense te red.

68 En toe Hy het, toe Hy Sy hoof gebuig het, het hierdie ou aarde 'n rilling teen sy rug af gehad. Dit moes 'n senuwee-ineenstorting gehad het, want die Bybel het gesê dat "die hele aarde donker was, vanaf die sesde tot die negende uur, was regoor die aarde." En die aarde het geskud, en die rotse het geskeur. En die tempelvoorhangsel het geskeur van bo na onder; die offertafels het omgeval. Die Seun van die lewende God het gesterf. Hy was so dood, dat die son dit herken het. Hy was so dood, dat die maan dit herken het. Hy was so dood, dat die sterre dit herken het. Hy was so dood, dat die aarde dit herken het. Hy was so dood, dat die elemente dit herken het, die atmosfere dit herken het. Alles moes weet daardie was die Seun van God! Want, God se Woord kon nie faal nie, Hy is belowe, vanaf die tuin van Eden: "Die Saad wat die slang se kop sou verbrysel."

69 Wat het nou met Hom gebeur? Waarheen het Hy gegaan toe Hy die kruis verlaat het en in Josef van Arimathéa se graf ingegaan het?

70 Hy was so arm, Hy het geen plek gehad om Sy kop neer te lê nie. Hy is in 'n krip gebore, met 'n swart naam agter Hom, as "'n buite-egtelike kind." Daar is vir hom gelag, bespot, uitgejou, op die aarde. Hy is bespot, en verwerp. En toe Hy gesterf het, moes Hy sterf onder die doodstraf, tussen twee diewe. En het nie eers 'n plek gehad om Hom te begrawe nie, en Hy is in 'n ander man se graf begrawe. Die einste God van die Hemel wat na die aarde toe gekom het! Wie dink ons is ons, dat ons 'n bietjie moet ly? Wat Hy vir ons gedoen het! Dink daaraan, vriend, bestudeer dit.

71 Die Romeinse soldaat het gesê: "Waarlik, dis die Seun van God." Die sondaar moes dit herken. Judas het gesê: "Ek het

onskuldige Bloed verraai." Hy moes dit herken. Die hele aarde het dit herken.

72 Waarheen het Hy toe gegaan? Wanneer 'n mens doodgaan, is dit dan verby? Nee, meneer. Hy moes op daardie manier sterf, omdat God se Bybel gesê het Hy sou so sterf. En Hy het God se Woord vertrou. Dis waarom Hy kon sê, in Sy lewe: "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit binne drie dae oprig."

73 Want Dawid het op een plek gesê, net in die Bybel, onder die Inspirasie, toe Dawid, die man van God, die profeet wat gesalf was met die Woord, gesê het: "Ek sal nie My Gunsgenoot verderwing laat sien nie, ook sal Ek nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie."

74 Jesus het gesê: "Vernietig julle hierdie liggaam, en Ek sal dit binne drie dae oprig." Hy het geweet dat God se Woord nie kan misluk nie. O, goeiste!

75 As Hy plegtig daarop kon rus, in die geloof dat God se Woord nie kan faal nie, hoeveel te meer kan ons plegtig rus dat ons wedergebore is deur die Heilige Gees, en Dit net nou 'n getuie in ons hart is, dat ons weet dat ons Verlosser leef en weer eendag sal kom. Rus in sekerheid dat diegene wat in Christus is, God saam met Hom sal bring! Nou let op.

76 Daar was Hy. Hy het geweet dat nie een sel van daardie liggaam sou verrot nie. Twee-en-sewentig uur, begin verrotting. Dis die rede waarom Hy nooit drie dae gebly het nie. Hy het op Vrydagmiddag gesterf, was Sondagoggend op. Maar, dit was binne daardie drie dae. Binne daardie drie dae moes Hy weer opstaan, omdat Hy God se Woord vertrou het.

77 Hier gaan Hy! Van waar het Hy vertrek toe Hy weggegaan het? Die Bybel het gesê: "Hy het opgevaar. Hy het gegaan en gepreek vir die siele wat in gevangenskap was, wat nie bekeer het in die lankmoedige dae van Noag nie." Sy siel, Sy Gees, Sy teofanie van Sy Eie wese, het afgegaan. Kom ons volg Hom. Sal julle Hom graag vanaand wil volg vir 'n paar minute? Kom ons kyk waarheen het Hy gegaan.

78 Net onder die gebied van menslike wesens lê die sfeer van demoniese mag; onder dit. . . net bokant dit lê die siele van die onregverdiges; onder dit lê die einste woonplek van Satan, die hel. Dan, net bokant ons, lê die Heilige Gees; dan, onder die Altaar, lê die siele van die regverdige mense; dan volgende is God Self. Een wat ondertoe gaan, een wat boontoe gaan; die twee geeste is hier op die aarde, wat die mense van hierdie aarde beïnvloed.

79 En toe Jesus gesterf het, het Hy daar opgegaan, ondertoe. Ek kan Hom op daardie Vrydagmiddag sien, na Sy dood, [Broer Branham klop—Red.] klop aan die deur van die gebiede van die verlorenes. Kom ons volg Hom 'n oomblik. Die deur gaan oop. Daar was vroue, daar was mans, daar was jong dames, daar was

oues, hulle was almal saam in daardie verskriklike plek wat die gevangenis van die verlore siele genoem word.

80 As ek tyd gehad het, sou ek julle graag wou vertel. En dit mag net 'n visioen wees. Maar eenkeer het ek daardie plek besoek, en geskree om genade, toe ek 'n sondaar was, het onder 'n operasie gegaan. Toe ek uitgekom het, het ek in die Weste gestaan, met my hande op na die Hemel, en 'n kruis wat op my geskyn het.

81 Maar in daardie droewige plek daar, het Jesus na die deur toe gestap. Alles moes getuig dat Hy die Seun van God was, omdat daar vir hulle gepreek was in die lankmoedigheid van die dae van Noag. Klop aan die deur, Hy het gesê: "Ek is Hy van Wie Henog gepraat het. Ek is die Saad van die vrou, wat die kop van die slang sou verbrysel. Elke Woord van God is vervul; Ek het pas oorkant op Gólgota gesterf, en Ek het My Kerk gekoop. En die Een waarvan Henog gepraat het, Ek is Hy." En hulle was sonder genade, sonder hoop, omdat hulle oortree het. En die deur is toegemaak in hulle gesig.

82 Verder af in die gebiede van die demone! Verder af na die einste poorte van die hel! Hy klop aan die deur. [Broer Branham klop—Red.]

83 Dit is toe Hy in die graf was, Sy liggaam was, in afwagting van die opstanding. Hy het die plekke besoek waarnatoe die regverdiges en onregverdiges gaan; waarnatoe julle sal gaan een van hierdie dae, na een of die ander plekke.

84 En Hy klop [Broer Branham klop—Red.] aan die deur van die hel. En, toe Hy het, het die duiwel uitgekom. En ek kan hom net hoor sê: "O, so Jy het uiteindelik gearriveer. Ek het beslis gedink ek het Jou gehad, toe ek Abel doodgemaak het."

85 Julle sien, toe daardie Saad belowe is in die tuin van Eden, het die duiwel die heeltyd probeer om daardie Saad te vernietig. En die dood van Abel, en die koms van Set, was net 'n dood, begrafnis, en opstanding van Christus. Daardie Saad moet voortgaan. En hy het probeer om Dit te vernietig.

86 Hy het gesê: "Ek het gedink ek het Jou gehad, toe ek Abel vernietig het. Ek het gedink ek het Jou gehad, toe ek die profete vernietig het. Ek was seker ek het Jou gehad, toe ek Johannes onthoof het. Maar nou het Jy uiteindelik gearriveer. Ek het Jou nou." O, goeiste!

87 Ek kan Hom hoor sê: "Satan, kom hier!" Hy is nou Baas. Reik uit, gryp daardie sleutel van die dood en die hel van sy sy af, hang dit aan Sy Eie sy. "Ek wil jou geregtiglike kemis gee. Jy was lank genoeg 'n bluf. Ek is die maagdelik gebore Seun van die lewende God. My Bloed is nog nat op die kruis, en die volle skuld is betaal! Jy het geen regte meer nie. Jy is gestroop. Gee vir My daardie sleutels!" Dis reg. Draai om en gee hom 'n behoorlike skop, en slaan die deur toe, en sê: "Bly daarbinne! Ek's van nou af die Baas."

88 Nou, Hy het nie die sleutels van die Koninkryk gehad nie, want Hy het hulle vir Petrus gegee; ons kry dit alles in die oggend, in waterdoop. Maar Hy het die sleutels van die dood en die hel gehad, en Hy het hulle gevat; na Sy opstanding, het Hy gesê: "Ek het die sleutels van die dood en die hel." Petrus het die sleutels van die Koninkryk gehad. Satan het die sleutels van die dood en die hel gehad; maar nou het Jesus hulle, Hy's Baas.

89 Hier begin Hy opgaan. Dit word Pase; die tyd gaan vinnig verby. Maar daar is 'n ander groep. Waar is Job? Waar is Abraham? Waar is hulle? Waar is daardie kêrels wat God se Woord vertrou het? Het Hy hulle vergeet? Het die dood hulle vernietig? Was dit alles daarvan? Nooit, nooit nie; God moet Sy Woord hou.

90 Ek kan Hom sien. Laat ons 'n bietjie in die Paradys inloer, en daar oorkant kyk. En ek sien Sara en Abraham daar rondloop, en naderhand [Broer Branham klop—Red.] iets aan die deur. Abraham gaan en maak die deur oop, gesê: "Skat, kom hier. Kyk hier! Kyk hier, dis presies dieselfde Een wat by my gestaan het onder die eik daardie dag." Hy is Abraham se God.

91 Net toe kan ek Daniël oor sy skouer sien kyk, en sê: "Dis die Rots wat uit die berg gekap is, net so seker as wat ek hier staan."

92 Ek sien Job opstaan, sê: "Dis my Verlosser wat ek gesê het wat ek weet geleef het, en eendag sal Hy op die aarde staan. My liggaam mag miskien niks behalwe 'n lepeltjie as wees nie, maar binne vyftien minute van nou af sal ek weer daarin wees. Dis Hy."

93 Eségiël het bo-oor gekyk, en gesê: "Ek het daardie selfde Persoon gesien as 'n Wiel, in die middel van die Wiel, wat ver bo in die middel van die lug draai." O, goeiste!

94 Toe het Hénog opgekom. Hénog het gesê: "Ek het Hom sien kom met tienduisende van Sy heiliges, om oordeel te bring."

95 Daar was die Ou Testamentiese heiliges wat wag, hulle was beslis, onder die versoening van bloed. Hulle kon nie in die Teenwoordigheid van die God, God van die Hemel ingaan nie, want bok- en skaapbloed kon nie sonde wegneem nie.

96 Maar Hy het gesê: "My broers, Ek is die Een wat julle dink Ek is. Ek is die Saad van die vrou. Ek is die Seun van Dawid. Ek is die Seun van God. Ek is die maagdelik Geborene. My Bloed het daarvoor versoen. Julle het gewag onder die bloed van skape en bokke, maar nou versoen My Bloed, en julle is vry. Laat ons opgaan, dit word amper Pase." Dink net, dit was net omtrent iets-oor-die-negentienhonderd jaar gelede, vanaand.

97 Ek kan Abraham hoor sê: "Here, wanneer ons weer bo in ons liggaam kom; en ek en Sara het net so baie daarvan gehou; gee U om as ons soort van 'n klein besoekie bring, op U pad?"

98 Wel, ek kan Hom hoor sê: "Wel, nee, beslis nie. Ek gaan by My dissipels bly vir omtrent veertig dae. Kyk rond en kyk hoe alles lyk!"

99 Op daardie glorieryke Paasoggend (waar ons sal begin, in die oggend, as die Here wil) toe Hy opgestaan het uit die dood, het die Bybel gesê, volgens Matthéüs 27, dat "Baie van die heiliges wat geslaap het in die stof van die aarde, opgestaan het en uit die grafte uitgekom het." Wie was dit? Abraham, Isak, Jakob, Job, diegene wat deur geestelik geopenbaarde openbaring geweet het dat die Verlosser eendag op die aarde sou staan. Dis hulle, die eerste vrugte van hulle wat ontslaap het. Daar het hulle in die stad geloop. Ek kan Sara en Abraham sien, jonk, en vol van . . . en aantreklik, en—en vol lewe, om nooit weer oud te wees nie, nooit weer siek te wees nie, nooit weer honger te wees nie, wat rondloop in hulle liggaam.

100 Kájafas wat daar staan, sê: "Weet julle wat? Daar het nou die dag iets gebeur, kyk net in watter gemors is hierdie tempel! Daar is . . . Ons sal iemand moet kry om daardie gordyn toe te werk. Kyk na daardie, offerkissie wat omgekeer is. Wat het gebeur? Was daardie Kêrel 'n sterrewiggelaar? Was Hy 'n heks? Of, wat het gebeur? Sê! Kom hier, Joséfus, wie is daardie jong paartjie wat daar staan?"

Abraham het gesê: "Sara, ons word herken. Ons beter uitgaan."

101 "Aan baie verskyn!" Dit was nie al nie. Ter afsluiting, kyk. Toe eendag, nadat Hy het, hulle besoek het; Abraham, Isak, Jakob, en almal van hulle, het die tuisland besoek. Toe Jesus opgevaar het . . .

102 Julle sê: "Broer Branham, is dit 'n mite?" Nee, meneer! Ek sal julle in die Skrifte wys, binne 'n oomblik.

103 Toe Hy begin opgaan, het hulle net vir Hom gesien, maar die Ou Testamentiese heiliges het saam met Hom gegaan, want die Bybel het gesê dat "Hy het gevangenes gevange geneem, en gawes aan die mense gegee." En ek kan Hom sien soos Hy opgaan, en aansluit by Sy kerk.

104 Twee Engele uit die orkes wat musiek gespeel het, het soontoe gekom, en gesê: "Julle manne van Galiléa, hoekom staan julle en opkyk? Want hierdie selfde Jesus, wat opgeneem is, kom weer terug." Sekerlik! Hulle het vinnig teruggegaan om by die optog aan te sluit.

105 En af deur die hemele het Jesus en die Ou Testamentiese heiliges gegaan. Hulle het verby die maan gegaan, hulle het verby die son gegaan, hulle het verby die sterre gegaan. En toe hulle binne tref-afstand van daardie groot, pragtige wit Hemele gekom het, het die Ou Testamentiese heiliges uitgeroep, haal Skrif aan: "Hef op, julle ewige poorte, en verhef julle! Hef op, julle ewige poorte, en verhef julle! En laat die Erekoning inkom!"

106 Al die Engele het op die reëlings van die Hemel vergader, en gesê: "Wie is hierdie Erekoning?"

107 Die Ou Testamentiese heiliges het gesê: "Die Here van die leërskare, magtig in die stryd! Hy was 'n Oorwinnaar!"

108 Die Engel het 'n groot knop gedruk, en die pêrelpoorte het oopgeswaai.

109 Reg af deur die Stad van Jerusalem het die groot, magtige Oorwinnaar gekom, wat die Ou Testatamentiese heiliges saamgebring het. Die Engele-orkes wat speel, terwyl die Engele skree. Hy was die magtige Oorwinnaar! Hy het die sleutels van die dood en die hel gehad wat aan Sy sy hang, soos Hy reg af verby die Glorieryke paleise gegaan het totdat Hy by die Troon gekom het. En Hy het gesê: "Vader, hier is hulle. Hulle het geglo, deur geloof in U Woord, dat Ek eendag sou kom. Ek het beide die dood en die hel oorwin." Wat was dit, broer? Hy het die lidtekens in Sy hand gehad, om te wys dat Hy in die stryd was. Eer aan God in die Hoogste! Hy is daardie magtige Oorwinnaar! "Hier is hulle, Vader; Abraham, Isak, en Jakob."

110 Ek kan Hom hoor sê: "Seun, klim hier op langs My, en gaan sit totdat Ek elke vyand Jou voetbank gemaak het." Broer, eendag sal Hy weer kom, en wat 'n dag sal dit wees!

111 Hy was nie ledig toe Hy in die graf was nie. Ons dink Hy het net daar gelê, dood. Maar Hy was onder steeds aan die oorwin, Hy het afgegaan en die sleutels van Satan afgevat, Hy het die sleutels van beide die dood en die hel, vanaand. Hy het gesê: "Omdat Ek lewe, kan julle ook lewe."

112 Ek wonder vanaand, my dierbare broer, suster, het jy ernstig daaroor gedink? Besef jy dat jy net lewe omdat Hy lewe. Het jy dit genoeg waardeer om jouself op te offer, en te sê: "God, hier is ek, 'n sondaar, wees my genadig"? Het jy al ooit daardie algenoegsame Offer aanvaar? Het jy Hom al ooit vertel jy is lief vir Hom? Maak dit jou gevoelens seer wanneer jy verkeerd doen? As jy nou nog nooit by daardie ondervinding gekom het, in hierdie begrafnis nie! Wanneer, ons tyd raak min. Voel net goed! Maar, ek wonder, as jy nog nooit Christus as jou persoonlike Saligmaker ontvang het nie, wonder ek of jy dit sal doen terwyl ons net ons hoofde buig vir 'n oomblik in 'n woord van gebed.

113 Speel daardie, *Met Rotse Wat Skeur*, as jy sal, Suster Gertie, as jy dit het. Goed, enigiets sal werk.

114 Met julle hoofde gebuig, gaan ek julle 'n baie ernstige vraag vra. Onthou vriende, sondaar of heilige, jy hou nie op bestaan wanneer ons jou begrawe nie. Jou siel is iewers. Nou, Jesus het albei plekke besoek, volgens die Skrifte. Waar sou Hy jou bevind as jy vanaand sou gaan? Sou jy die deur van genade in jou gesig toegeklap kry, omdat jy verwerp het? Onthou, nie net is Hy 'n Verlosser nie, Hy's 'n Regter. Jy's nou die regter, hoe oordeel jy Hom? Laat Hy nou jou Verlosser wees.

115 Klein storietjie kom by my op. 'n Tyd gelede het 'n klein seuntjie op 'n—'n wa gesit. 'n Geweer het in die straat afgegaan, en die perde het weggehardloop en sou oor 'n krans stort. 'n Jong cowboy het gehardloop en die perde gestop, net voor die wa oor die afgrond gegaan het, omdat daar 'n babatjie in was. Hy het die kleintjie se lewe gered.

116 Baie jare daarna, gestaan in die hofsaal. Hierdie selfde seun het 'n misdaad gepleeg, die verkeerde pad gevat, was skuldig. Hy het gedrink, gedobbel, 'n man geskiet; en was skuldig, is skuldig bevind. En die regter het opgestaan en gesê: "Ek vonnis jou om aan jou nek te hang totdat jou verganklike lewe verby is."

117 Daardie jongman het gesê: "Regter!" En hy het die hofprosedure verbreek, en hy het oor die reëling gespring en voor die regter se voete neergeval, om genade. Hy het gesê: "Regter, kyk my in die gesig! Ken jy my nie?"

Hy het gesê: "Nee, seun, ek ken jou nie."

118 Hy het gesê: "Onthou jy 'n sekere klein seuntjie se lewe wat jy gered het, baie jare gelede, met 'n weghol perd?"

Hy het gesê: "Ja, ek onthou dit."

119 Hy het gesê: "Ek is daardie seun." Hy het gesê: "Regter, jy het my toe gered. Red my nou!"

120 Die regter het afgekyk na hom, en gesê: "Seun, daardie dag was ek jou verlosser. Vandag is ek jou regter."

121 Vandag is Hy jou Verlosser. Sondaar, môre mag Hy jou Regter wees. Laat ons dit nou oordink, terwyl die musiek speel. En elkeen wat bid, diegene wat in gebedskontak met God is.

122 Ek wonder nou vanaand, vinnig, diegene wat Christus wil aanvaar as persoonlike Verlosser, sê: "God, wees my genadig, 'n sondaar. Ek wil kom deur die gestorte Bloed. Ek is moeg van by kerke aansluit en hardloop van plek tot plek. Ek wil wedergebore word. Ek wil 'n ondervinding in my hart hê, dat ek weet dat Christus Homself aan my geopenbaar het, deur die geestelike openbaring waarvan jy pas gepraat het, Broer Branham. Ek wil die geestelike openbaring hê, die Heilige Gees in my hart, wat my lewendig maak, Christus meer werklik maak vir my as wat ek vir myself is. Ek verlang daardie ondervinding, Broer Branham. Sal jy vir my bid soos ek my hand opsteek?" Sal jy nou jou hand opsteek, wat graag onthou wil word. God seën jou, dame. God seën jou daaragter, dame. Dis goed. God seën jou, meneer. Dis goed. Steek jou hande op, nou gaan verder op met jou hand.

123 Hoe kan jy skaam wees? Kan jy iets soos Daardie verwerp, vriend? Onthou.

124 "O," sê jy: "Broer Branham, predikers het vir jare gepreek." Ek weet, maar een van hierdie dae gaan hulle ophou preek. En die manier wat dinge lyk, mag dit binnekort wees. Julle gaan

julle laaste preek hoor. Om die waarheid te sê, hierdie mag julle laaste wees.

125 "O," sê jy: "ek's jonk." Dit maak nie saak nie. Die dood is geen aannemer van die persoon, of ouderdom of vermoë nie.

126 Sal julle Hom nou aanvaar as persoonlike Saligmaker, deur jou hand op te steek, te sê: "God, wees my genadig"? Steek julle hande op saam met die res van hierdie, en sê: "Ek wil Christus nou aanvaar." Sal jy jou hand opsteek?

127 Iemand wat afvallig is, sê: "God, wees my genadig. Ek wil terugkom na Christus toe vanaand, dat môre opnuut 'n opstanding mag wees, vir my." Sal jy jou hande opsteek? Bring op jou hand, sê: "Wees my genadig. Ek wil nou kom." Sal jy dit doen? Steek jou hand op, sê: "Ek was 'n afvallige, maar vanaand. . . " God seën jou, dame. God seën jou. Dis goed. "Ek sal Christus as my persoonlike Saligmaker aanvaar. Ek sal Hom vanaand aanvaar. Ek het afgedwaal, was vir baie jare weg van God, maar nou kom ek huistoe." Sal jy Hom vanaand aanvaar, dat hierdie 'n nuwe opstanding vir jou kan wees, jou ou lewe verby kan wees?

128 Hierdie dame kom op na die altaar, om haar belydenis te doen, om te staan. Wil iemand anders hulle plek hier inneem, saam met haar hier opkom, met hulle belydenis? Sal julle opstaan, en ook opkom na die altaar. Die altaar is oop. Sekerlik. Kom net reguit op, net nou. As julle hier wil staan en bid, sal dit net in die haak wees. Kom aan. Sal julle kom? Met die belydenis van julle geloof, met julle geloof in die Seun van God, sal julle nou kom? Goed.

129 Dit hang van jou af, onthou jy. Jy is die een. Is jy 'n sondaar? Is jy 'n afvallige? Is jy koud en weg van Christus? Wil jy nou opnuut opgewek word saam met Hom nou, die lewe nuut begin? Wat van julle, man en vrou wat—wat verskil het vir 'n lang tyd nou, bohaai maak in julle huis? Wil julle nie nou kom en daardie ding uitsorteer met God en met mekaar nie? Maak die Pase 'n ware Pase vir julle, begin 'n nuwe huis.

130 Wat van julle wat nooit was nie, wat nooit gebed in julle huis gehad het nie, jy gaan net huis toe van die kerk af en probeer die beste lewe wat jy kan, bring nooit die familie bymekaar en bid nie? Dis waarom ons jeugmisdaad het en die dinge wat ons het. Dis hoekom die Amerikaanse huise opgebreek is. Sal jy nie kom, vanaand nuut begin nie? Sal julle dit doen? Julle word uitgenooi. Onthou, ek's nou julle prediker; ek sal 'n getuie wees op daardie dag.

Terwyl ons dan nou ons hoofde gebuig het, vir gebed.

131 Ons dierbare Hemelse Vader, vanaand bring ons vir U hierdie gehoor, in die ernstigste heilige plegtigheid wat ons weet hoe. Ons nader nederig U Troon. En na die Boodskap vanaand, daardie, daardie groot begrafnis, Hy het nooit stilgelê nie, Sy siel het reguit aangegaan na die gebiede en die werk van God

voltooi, wat Hy verordineer was om te doen. En môre-oggend, vind ons waar Hy deur die boonste sfere gegaan het, alles oorwin het, in Sy opstanding. Maar Hy het Paasoggend uitgekom vir ons regverdigmaking. En ons vind dat Hy die Heilige Gees teruggestuur het, om mense van sonde te veroordeel.

132 En ons bid vanaand, Here, dat hulle wat hulle hande opgesteek het, onthou mag word voor U. Mag hulle besluit uit hulle hart wees vanaand, dat hulle U ontvang het en U glo, en mag hulle verseël word deur die Seël van belofte vanaand, die Heilige Gees. Skenk dit, Vader. Want, ons vertrou hulle toe aan U, saam met hierdie Boodskap vanaand. Mag Dit diegene seën wat Dit gehoor het, diegene, Here, wat Dit saam met hulle sal neem na hulle huis toe, en sink Dit diep in hulle harte in. Mag hulle lewe van die Woord van God. Skenk dit, Vader, want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

Die Begrafnis AFR57-0420
(The Entombment)
Paas Herlewingsreeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 20 April 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org